


# Kerk Sekte Kulte

Gereformeerde Kerk Elandskraal  
Dr Hennie van Wyk

1



2

## Eie definisies:

- Nie-Bybelse gelowe – Gelowe wat glad nie die Bybel gebruik of as gesagvol aanvaar nie.
- Heidene – Mense wat aan GEEN God / god /gode glo nie en nie vereer nie.
- Voorouer verering – Mense wat glo dat afgestorwenes steeds 'n invloed op die mens se lewe het.

3

## Eie definisies:

- Bybelse gelowe – Gelowe wat die Bybel of gedeelte daarvan as gesagvol aanvaar.
- Let op die volgende:
  - Die volle Bybel word gebruik, of
  - Ou en Nuwe Testament word geskei (Sektes)
  - Net die Ou Testament word gebruik (Judaïsme)
  - Die Bybel PLUS “nuwe” openbarings word gebruik as gesagvolle Woord van God.

4

### Eie definisies:

- Kerk – Gelowiges wat die Bybel in sy geheel, en net die Bybel as gesagvol aanvaar.
- Kenmerke:
  - Suiwer prediking: slegs die volle Raad van God word gepreek,
  - Suiwer Sakramentsbediening: Doop en Nagmaal wat preek dat Christus vir die sonde gesterf het.
  - Suiwer toepassing van die liefdestug: geen volharding is sonde kan reg wees nie

5

### Eie definisies:

- Sekte – Gelowiges wat die Bybel in sy geheel, en net die Bybel as gesagvol aanvaar.
- Kenmerke:
  - Een of meer aspekte van die Woord van God word oorbeklemtoon,
  - Een of meer aspekte van die Woord van God word 'n "voorwaarde" vir verlossing,
  - Gewoonlik word die Nuwe Testament verhef bo die Ou Testament.

6

## Eie definisies:

- Kulte – Gelowiges waar die Bybel as gesagvol aanvaar word, maar 'n minderwaardige rol speel teen eie "Openbarings".

## Voorbeelde:

- Mormone: Boek van Mormon e.a. + Bybel
- Jehovah se Getuies: Wagtoring + Bybel
- SDA: Ellen G White + Bybel
- RKK: Pouslike uitsprake + Bybel

7

## Kulte-kenmerke: Die organisasie beheer

1. Denke

2. Gedrag

3. Emosie

4. Inligting

5. Taal

6. Norme

7. Geskiedenis

8. God

9. Verlossing

10. Skrifinterpretasie

11. Dogma

12. Lidmaatskap

Lid moet dink soos die organisasie. Hulle word geleer dat as jy anders dink as die organisasie, hulle reg is en jy nie hulle "lig" het op die evangelie nie.

Die organisasie het uitstekende kommunikasie met die lede. Jy sal dieselfde antwoord op 'n vraag kry enige plek in die wêreld.

8

## Kulte-kenmerke: Die organisasie beheer

1. Denke
2. Gedrag
3. Emosie
4. Inligting
5. Taal
6. Norme
7. Geskiedenis
8. God
9. Verlossing
10. Skrifinterpretasie
11. Dogma
12. Lidmaatskap

Lede moet sekere klere aantrek

Lede mag sekere kosse nie eet nie (Koffie, tee, hawer, ensovorts)

9

## Kulte-kenmerke: Die organisasie beheer

1. Denke
2. Gedrag
3. Emosie
4. Inligting
5. Taal
6. Norme
7. Geskiedenis
8. God
9. Verlossing
10. Skrifinterpretasie
11. Dogma
12. Lidmaatskap

- Daar word baie duidelike riglyne gestel oor die optrede van lede.
- Hulle werk twee-twee, en daar word van hulle verwag om terug te rapporteer aan die organisasie oor die gedrag.
- Hulle mag dus nie vir mekaar opkom nie, omdat dit die organisasie se beeld aantast.
- Weereens behoort almal dieselfde gedrag te toon.

10

## Kulte-kenmerke: Die organisasie beheer

1. Denke
2. Gedrag
3. Emosie

Hulle het 'n hoofkantoor wat inligting na al die takke uitstuur,

### 4. Inligting

"Bybelstudie" is in werklikheid die bestudering van hierdie inligting.

5. Taal
6. Norme
7. Geskiedenis
8. God
9. Verlossing

GEEN eie Bybelstudie en navorsing mag uitgedra word as die hoofkantoor dit nie gekeur het nie.

10. Skrifinterpretasie
11. Dogma
12. Lidmaatskap

Lede mag GEEN inligting lees / bestudeer wat nie deur die organisasie uitgereik is nie.

11

## Kulte-kenmerke: Die organisasie beheer

1. Denke
2. Gedrag
3. Emosie
4. Inligting

Woorde kry nuwe "dieper" betekenis

### 5. Taal

Voorbeeld: Jehovah  
Jeheshua  
Bekering  
Verbond

6. Norme
7. Geskiedenis
8. God
9. Verlossing
10. Skrifinterpretasie
11. Dogma
12. Lidmaatskap

12

## Kulte-kenmerke: Die organisasie beheer

1. Denke
2. Gedrag
3. Emosie
4. Inligting
5. Taal
6. Norme
7. Geskiedenis
8. God
9. Verlossing
10. Skrifinterpretasie
11. Dogma
12. Lidmaatskap

Daar is streng gedragsreëls as mens die voorregte wil beleef van die organisasie

Mormone: As jy nie elke funksie deur die week bywoon nie, kry jy nie aanbeveling vir byvoorbeeld tempelvoorregte nie.

Ou Apostels: Moet bewys elke erediens bygewoon, selfs op vakansie.

JG: Vier van verjaarsdae, herdenking en Christelike vakansiedae taboe.

13

## Kulte-kenmerke: Die organisasie beheer

1. Denke
2. Gedrag
3. Emosie
4. Inligting
5. Taal
6. Norme
7. Geskiedenis
8. God
9. Verlossing
10. Skrifinterpretasie
11. Dogma
12. Lidmaatskap

Geskiedenis word verander en aangepas om die organisasie te pas.

Voorbeeld: lewensverhaal van Joseph Smith: Daar is ten minste 7 dokumentasies, maar net die laaste een is "amptelik". Hulle weerspreek mekaar! Net die een wat hulle geloof pas, word aanvaar.

Voorbeeld: Joseph Smith word geteken as martelaar met sy dood – maar hulle vermeld nêrens dat hy in 1844 gestaan het vir president van die VSA nie. Waarskynlik was die moord polities en nie godsdienstig nie.

14

## Kulte-kenmerke: Die organisasie beheer

- |                        |   |
|------------------------|---|
| 1. Denke               | Leier die enigste wat kan sê wat God eintlik sê                                   |
| 2. Gedrag              |   |
| 3. Emosie              | Mormone: gebruik Bybel MAAR onderskei 3 gode met Vader en Seun van been en vlees. |
| 4. Inligting           |   |
| 5. Taal                | JG: God word beperk tot een naam  |
| 6. Norme               |   |
| 7. Geskiedenis         | RKK: Jesus kan beïnvloed word deur Maria  |
| 8. God                 |   |
| 9. Verlossing          |   |
| 10. Skrifinterpretasie |   |
| 11. Dogma              |   |
| 12. Lidmaatskap        |   |

15

## Kulte-kenmerke: Die organisasie beheer

- |                        |  |
|------------------------|--|
| 1. Denke               | Verlossing slegs binne organisasie moontlik                              |
| 2. Gedrag              |  |
| 3. Emosie              | Verlossing slegs moontlik as jy die reëls van die organisasie gehoorsaam |
| 4. Inligting           |  |
| 5. Taal                |  |
| 6. Norme               | Verlossing word beheer en gereguleer deur die kerkleiers.                |
| 7. Geskiedenis         |  |
| 8. God                 |  |
| 9. Verlossing          |  |
| 10. Skrifinterpretasie |  |
| 11. Dogma              |  |
| 12. Lidmaatskap        |  |

16



## Kulte-kenmerke: Die organisasie beheer

1. Denke
2. Gedrag
3. Emosie
4. Inligting
5. Taal
6. Norme
7. Geskiedenis
8. God
9. Verlossing
10. Skrifinterpretasie
11. Dogma
12. Lidmaatskap

Hulle bepaal HOE 'n teks verstaan moet word

JG: Eksodus 3:14: EK SAL WORD WAT EK SAL WORD. (Teenwoordige tyd word toekomstige tyd)

JG: Johannes 1:1: In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was 'n god.

17

## Kulte-kenmerke: Die organisasie beheer

1. Denke
2. Gedrag
3. Emosie
4. Inligting
5. Taal
6. Norme
7. Geskiedenis
8. God
9. Verlossing
10. Skrifinterpretasie
11. Dogma
12. Lidmaatskap

Dogma = kerklike leerstellings

Mormone: 2 Nefi 5. Swart vel is teken van God se straf. 1931: Geen swart man kan priester word nie. 1978: swart mense mag priesters word

JG: Wederkoms

- 1874 – Onsigbaar
- 1914 – sou sigbaar kom
- 1927 – wag nog op wederkoms

18

## Kulte-kenmerke: Die organisasie beheer

1. Denke
2. Gedrag
3. Emosie
4. Inligting
5. Taal
6. Norme
7. Geskiedenis
8. God
9. Verlossing
10. Skrifinterpretasie
11. Dogma
12. Lidmaatskap

Op alle vlakke binne die organisasie is daar "toesighouers".

As jy 'n fout van 'n mede-lidmaat uitwys bevorder dit jou aansien.

As iemand uit die organisasie geban is, mag jy GEEN kontak met hulle hê nie.

19

## Moets en Moenies in gesprekke

1 Petrus 3:15: *Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe.*

Weinig van hulle het die sekerheid van die Bybelse hoop. As hulle afdwaal, is hulle verlore. Ons weet ons Verlosser leef. Ons moet in die lig van Heidelbergse Kategismus Sondag 33 altyd wegvlug van die sonde en Satan, reguit in die arms van ons hemelse Vader.

20

## Moets en Moenies in gesprekke

**Moenie** vyandig wees nie. Moenie die deur in hulle gesig toeslaan nie. Hulle leer dat as hulle teëstand kry dit juis die teken is dat Satan in hierdie huis werk. Dit is juis vir hulle 'n bevestiging van die "waarheid" wat hulle leer.

**Moenie** hatig met hulle argumenteer nie. Hulle sien hierdie weerstand dieselfde as hierbo en maak hulle net meer oortuig dat hulle reg is. Verder sal jy nie ver vorder met logiese argumente nie, omdat hulle juis met soveel emosie hulle godsdiens beleef.

**Moenie** sê dat hulle verkeerd is nie. Hulle is geleer dat hulle eie dogma die waarheid is wat op die Woord van God rus. Stel aan hulle die werklike boodskap van die Bybel - dit is wat hulle moet hoor.

**Moenie** angstig wees nie. Dan is jy die maklikste prooi denkbaar. Hulle sal dan al hulle energie op jou toespits, totdat jy uiteindelik ingee. Jy het die waarheid van God se woord. Bid om die leiding van die Heilige Gees. Jy kan hulle nie alleen aanpak nie. Vra intelligente vrae en gee intelligente antwoorde.

21

## Moets en Moenies in gesprekke

- Openbaar die gawe van geduld: Al maak hulle redenasies geen sin nie en al klink hulle argumente hoe onnosel - hulle is oortuig van hulle saak. Jy is mos ook oortuig van jou saak. Ongeduld hoort nie in die gesprek nie, omdat dit jou eie onvermoë beklemtoon.
- Toon begrip vir hulle siening van die Skrif. Hulle besef nie werklik wat hulle fout is nie, en moet heel subtiel benader word om wel die fout raak te sien.
- Onthou dat hulle leerstelling vir hulle net so belangrik is as wat ons belydenisskrifte vir ons is. Soos ons voel as hulle dit afkraak, so is die gevoel ook as ons sê dat hulle belydenisse verkeerd is.
- Deur aan hulle die ware liefde van Christus te verkondig en só op te tree, trek mens hulle eerder as met baie woorde.
- Die liefde van die kulte bind, die liefde van Christus maak vry. As die liefde so aan hulle voorgehou kan word sonder dat hulle daardeur bedreig voel, sal dit vir hulle meer aantreklik word en kan hulle so hulle eie foute raaksien.

22

## Wie is reg? **Deuteronomium 13:1-5**

“Wanneer 'n profeet of iemand wat drome uitlê by jou kom en vir jou vertel van 'n teken of 'n wonder, en die teken kom uit of die wonder vind plaas soos hy gesê het, en hy dan op grond daarvan vir jou sê: 'Kom ons gaan dien ander gode al het jy hulle nie vroeër geken nie, al het ons hulle nie vroeër gedien nie,' moet jy nie na hom luister nie.

Die Here jou God stel jou net op die proef om vas te stel of jy Hom liefhet met hart en siel. Jy moet getrou bly aan die Here jou God en Hom eer, jy moet sy gebooie gehoorsaam en na sy bevele luister, jy moet Hom dien en aanhang. Daardie profeet of droomuitlêer moet doodgemaak word, want hy het jou aangehits om in opstand te kom teen die Here jou God wat jou uit Egipte laat trek het en jou bevry het uit die plek van slawerny. Daardie man wil jou laat optree in stryd met die wil van die Here jou God wat Hy aan jou geopenbaar het. Jy moet hierdie soort kwaad tussen julle uitroei.

Daardie profeet of droomuitlêer moet doodgemaak word, want hy het jou aangehits om in opstand te kom teen die Here jou God wat jou uit Egipte laat trek het en jou bevry het uit die plek van slawerny. Daardie man wil jou laat optree in stryd met die wil van die Here jou God wat Hy aan jou geopenbaar het. Jy moet hierdie soort kwaad tussen julle uitroei.

23

## Wie is reg? **Deuteronomium 18:18-22**

Ek sal 'n profeet vir hulle na vore laat kom, een van hulle volksgenote. Hy sal soos jy wees. Ek sal my woorde in sy mond gee, en hy sal vir sy volksgenote alles sê wat Ek hom beveel. Ek sal self rekenskap eis van elkeen wat nie gehoorsaam is aan my woorde wat die profeet in my Naam sê nie

'n Profeet wat hom dit aanmatig om in my Naam iets te sê wat Ek hom nie beveel het nie, moet sterf. Dit geld ook van 'n profeet wat in die naam van ander gode praat.'

Wanneer jy jou afvra: Hoe sal ek die woorde kan uitken wat die Here nie met die profeet gepraat het nie? moet jy weet: as 'n profeet iets in die Naam van die Here aankondig en dit kom nie uit nie en dit gebeur nie so nie, dan het die Here nie met die profeet gepraat nie. Dan het die profeet hom dit aangematig en hoef jy jou nie aan hom te steur nie.”

24

## Wie is reg? Mag geloof verander?

Kultes se dogma verander soos omstandighede verander.

Nederlandse Geloofsbelydenis is 461 jaar oud

Heidelbergse Kategismus is 459 jaar oud

Dordtse Leerreëls is 403 jaar oud

Daar is baie mense wat nie saamstem met die Belydenisskrifte nie – MAAR HULLE HET IN AL DIE JARE DIT NOG NOOIT UIT DIE SKRIF VERKEERD BEWYS NIE.

Mooi besef: daar is 'n verskil tussen SKRIFUITLEG en SKRIFINTERPRETASIE

SKRIFUITLEG: Die mens lees die Bybel en verklaar die Bybel uit die Bybel.



SKRIFINTERPRETASIE: die mens lees die Bybel en oorweeg dit en besluit wat die Bybel sê.



25

## Laaste Woord

- Ken jou Bybel
- Ken jou Belydenisse. Lees dit ten minste een keer per maand deur.
- Vra jou predikant as jy nie weet nie.
- Pasop vir die Internet!
  - Youtube: enige persoon kan enige video maak en plaas – of dit waar is of nie.
  - Wikipedia: enige persoon kan enige artikel verander.
  - Ander: maar seker dat eie opinies nie Bybelse opinies word nie

26